

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



DESEMBER
2018

Mense, vennoot- skappe en vordering



Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees binne:

- 02 | Kom ons kyk terug
op ons seëninge
- 04 | Word 'n professionele
plaasbestuurder
- 09 | Op die horison vir
wintergraan...



Sommige mense glo dat boere 'n stil lewe op hul plase lei en in sagte ritme met die seisoene werk – maar daar kan niks verder van die waarheid wees nie!

Boerdery het verander. Vandag is boerdery 'n hoogs gemoderniseerde stelsel wat staatmaak op nuwe tegnologie en op-die-minuut inligting. Dit skep baie druk in jou omgewing as dit nie behoorlik bestuur word nie.

Boere moet verskillende hoede opsit

Op 'n byna daaglikse basis sal 'n boer 'n aantal verskillende hoede dra, aangesien hy 'n grondwetenskaplike, veearts, werktuigkundige, meteoroloog en sakeman is. Hy is ook 'n gesondheids- en veiligheidskenner, arbeidsverhoudingsbestuurder en rekenmeester...selfs 'n kundige verkoops- en bemakingsbestuurder. 'n Boer is uitvoerende hoof en finansiële hoof van 'n veelsydige besigheid in 'n dinamiese omgewing. Nuwe ontwikkelings,



06




08



10

03





OUMA JANE SÊ...

Indien jy 'n boer in die winterreënval area (Wes-Kaap) is, hoop ons dat jy in staat was om jou gewasse te oes sonder te veel skade van wind of reën. Indien jy in die somerreënval area is, hoop ons dat jy jou volgende gewas suksesvol kon plant en dat die potensiaal vir 'n goeie oes daar is.

Een van die grootste uitdagings wat ons as boere in die gesig staar, is die winsgewendheid van graanboerdery – die koste van insette hou aan styg en die prys van die graan wat ons produseer, verhoog nie genoeg om ons pogings winsgewend te maak nie. Dit is vir alle boere 'n uitdaging, bestaansboere, kleinboere, ontwikkelende en kommersiële boere. Om te oorleef, moet ons meer effektief word – ons moet ons koste so laag as moontlik hou en terselfdertyd moet ons ons opbrengs verhoog en verseker dat ons 'n goeie prys kry vir dit wat ons geproduseer het. Dit is nie maklik nie.

As boere is ons egter geseënd, omdat wat ook al in die wêreld gebeur, mense kos nodig het om te eet en klere om te dra en ons is die produseerders van daardie items – hulle kan eenvoudig nie sonder ons nie. Om kreatief te dink, is nodig – wat kan ons verbou wat mense bereid is om te koop teen 'n prys, sodat ons kan aanhou boer? Is daar dalk ander gewasse wat ons kan oorweeg om te verbou wat ons in staat sal stel om ons risiko te diversifiseer? Dit is makliker om aan te hou doen wat ons altyd gedoen het – maar as ons dit doen, sal ons dieselfde resultate kry.

Ons moet rondom ons kyk om te sien wat ons plaaslike gemeenskap nodig het, wat ons nasionale markte benodig en dan ook selfs wat ons internasionale markte vereis. As ons weet wat ons kan verkoop, kan ons konsentreer op hoe ons dit gaan verbou en wins te maak. Die motief van wins is belangrik, omdat ons nie kan aanhou boer sonder wins nie.

In Suid-Afrika val ons Kersvakansies saam met die besigste tyd van die jaar vir somergewas boere (mielies, sonneblom, grondbone, sojabone) – ons kan nie ophou werk om die vakansieseisoen te geniet nie. Hierdie tyd van die jaar vereis ons volle aandag – verken vir onkruid en peste, spuit vir onkruid, toedien van topbemesting, herplant van gewasse (indien nodig). As ons nie hierdie tyd van die jaar goed gebruik nie, sal ons nie die weer 'n geleentheid kry vir nog 'n volle jaar nie.

Die van julle wat julle aktiwiteite goed beplan het, kan in staat wees om 'n tydjie af te knyp om te rus en familietyd te geniet. As die Graan SA Boereontwikkelingspan – wens ons julle 'n baie geseënde Kersseisoen toe, asook Goeie Wense vir 2019. Wees geseënd.

Kom ons kyk terug op ONS SEËNINGE

In vandag se lewe gebeur dinge so vinnig dat ons sukkel om by te hou. As boere ervaar ons dit veral tydens plant en oestyd.

Ons bestuur die een belangrike ding na die ander, lang ure, harde werk. Vir Graan SA is dit presies dieselfde, maar dit lyk asof dit nie net tydens 'n sekere seisoen is nie, maar die hele jaar.

Die hele debat rondom onteiening sonder vergoeding was ook so. Ons het rondgehardloop, probeer om agter die feite en die redenasie te kom. Tydens hierdie hele debat het ons egter mense oor die hele spektrum gevind wat eenders dink, mense met wie ons kon redeneer, mense wat dieselfde visie vir Suid-Afrika deel.

Alhoewel ons van verskillende agtergronde kom en 'n ander geskiedenis het, erken ons almal die behoefte aan vinniger grondhervorming, ons erken almal die huidige tekortkominge, maar ons almal sien die noodsaaklikheid om alle mense die geleentheid te gee om eiendom te besit en dan hul reg te beskerm om dit te doen.

By die onlangse Grondberaad op Bela-Bela het die bereidwilligheid van boere en die innoverende planne waarmee hulle gekom het, my en die ander deelnemers verbaas. Die lang pad wat mense geloop het om hul landgenote te help, was wonderlik. En die verskil wat dit in gemeenskappe gemaak het.

Die gemeenskaplike draad tydens die konferensie was egter hoe God hulle na hul besluite gelei het, hoe God hulle gelei het om die regte vennote te kry, of hoe Hy hulle gewys het wat nodig was. Sy hand was baie duidelik in al hierdie dinge.

Terugskouend op die hele gronddebat en hoe dinge sedert middel Junie begin verander het, is dat daar net een verduideliking is. God het beheer geneem. En hoe meer een terugkyk, hoe meer kan ons sien wat gebeur en

Jaco Minnaar



hoe Hy mense en instellings gebruik om die hele toekoms van Suid-Afrika te lei en te bou.

In 1 Tessalonisense 5 vers 16 - 18 vertel die Here ons om altyd in Hom te bly, voortdurend te bid en Hom in alles te dank. Wanneer ons besig is met ons besige lewens, vergeet ons om in Hom te bly. Ons vergeet om Hom te dank, ons vergeet ook om te reflekteer oor alles wat Hy vir ons gedoen het, al die seëninge wat ons so nederig ontvang.

Mag ons tydens hierdie Kersfeestyd die tyd gebruik om te besin oor 'n jaar waarin Hy ons op soveel maniere geseën het deur goed en sleg en mag ons die opdrag wat Hy ons deur Paulus gegee het, nastreef!

Mag jy 'n geseënde tyd met vriende en familie hê, mag jy terugkyk en juig, mag Hy jou in die nuwe jaar vernuwe en mag Sy lig op jou skyn!

Artikel verskaf deur Jaco Minnaar, Graan SA Voorsitter. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jaco@compuking.co.za.





01 Mense, vennootskappe en vordering

nuwe stelsels en nuwe regulasies konfronteer hom daaglik. Dit is hoekom dit belangrik is dat boere op netwerke ingeskakel kan word vir ondersteuning, vaardigheidsontwikkeling en opleiding. Dit geld vir elke boer, nie net ontwikkelende boere nie!

Vennootskappe sal altyd 'n noodsaaklike deel van jou boerderyonderneming wees. Selfs Bill Gates erken die belangrikheid daarvan om 'n besigheid te bou deur goeie vennootskappe te bewerkstellig. Hy glo dat sy sukses regstreeks toegeskryf kan word aan die feit dat **hy homself omring met goeie mense** wat dit vir hom moontlik gemaak het om 'n stewige fondament te bou en vinnig op te skaal. Met ander mense wat betrokke is, dink jy slimmer. Gates sê ook dat hy **gekyk het na mense wat sy sterk punte sou aanvul en vir sy swakhede sou opmaak**.

Dit is onrealisties om van jouself te verwag om AL die vaardighede te verkry wat nodig is om te boer. Kies jou gemeenskap van ondersteuning baie versigtig. Omring jou met mense wat jou respekteer en wie jy vertrou. En hou hulle aanspreeklik.

Hoekom netwerke bou?

Netwerk is 'n goeie manier vir boere om inligting uit te ruil, te sosialiseer, te leer en met medeboere te skakel. Netwerke brei ook uit na verhoudings met belanghebbendes: 'n Boer smee 'vennootskappe' met finansiële instellings soos banke en agribesighede, insetverskaffers van kunsmis, saad en chemikalieë en ander boere. Na wie kyk jy vir raad? Wie laat jy toe om jou te mentor? Met wie het jy 'n goeie werksverhouding nodig? Hierdie is jou 'vennootskappe'.

Vennootskappe beteken = werk saam tot 'n gemeenskaplike doelwit

Die Graan SA Boereontwikkelingsprogram is ook 'n vennoot van baie ontwikkelende boere. Die gemeenskaplike doelwit is om boere te help om volhoubaar te boer en die beste opbrengs te produseer deur van die beste praktyke gebruik te maak. Die program is noukeurig gestruktureer om 'n omgewing te skep om meer te leer en om vinnig te leer.

Ons bied boere 'n aantal geleenthede om te netwerk en meer te leer:

- Die Studiegroep is die hartklop van die ontwikkelingsprogram. Dit is daar waar ons nuwe boere ontmoet en waar die boere leer dat ons werklik belangstel om hulle te help in 'n vriendelike omgewing.
- Die Gevorderde Boere Ondersteuningsprogram is ontwerp vir boere wat na kommersiële boerdery beweeg. Kundige mentors loop saam met hulle en gee advies.
- Die Pula Imvula tydskrif is 'n belangrike instrument wat daarop gemik is om 'n wye netwerk van inligting te versprei. Belangrike



Uitruil van inligting, sosialisering, leer en skakel met medeboere.

boodskappe word oorgedra sodat die boere beter ingelig word. Ons vertrou dat die boodskappe in die tydskrif baie ore sal bereik en dien om toekomstige boere te inspireer.

- Die opleidingskursusse is spesifiek ontwerp om boere vaardighede te leer, aangesien kennisgapings geïdentifiseer word. Die kursusse het beide teorie en praktiese sessies om te verseker dat die leersessie sinvol en nuttig is. Ons poog om elke lid 'n ondersteunende omgewing te bied en die geleentheid om hulself beter toe te rus vir hul boerdery.

Hoe bou 'n mens 'n betekenisvolle netwerk van vennootskappe?

Vennootskappe is 'n tweerigtingproses. Daar moet wedersydse respek wees – alhoewel jy nie altyd saamstem oor alles nie. Nie elke vennootskap sal vir ewig duur nie – sommige word gesmee vir 'n spesifieke rede in 'n bepaalde seisoen. Dit is ook belangrik om te erken dat nie alle vennootskappe werk nie. Jy moet vry wees om weg te loop van 'n vennootskap wat nie vir jou van hulp is nie.

Wat is die eienskappe van 'n goeie vennootskap?

- **Eerlikheid** – daar kan geen effektiewe vennootskap wees waar iemand nie eerlik met 'n ander is nie. Ons moet ander vertel hoekom ons graag met hulle wil saamwerk en die ander partye moet duidelik wees oor die rede waarom hulle saam met jou wil werk. Die boer moet seker maak dat hy goed gekwalifiseerde kundiges kies wat op 'n hoë vlak van integriteit funksioneer. Die beste manier om te weet of 'n persoon vertrou kan word, is om met ander mense te praat wat al met hul besigheidsverhoudinge gehad het.
- **Ondersteunend** – daar moet sterk ondersteuning wees vir mekaar en vir die gemeenskaplike doel. 'n Vennootskap kan nie suksesvol wees as die gedrag op die een of

ander manier baasspelerig, manipulerend of 'n swak skakel op een of ander manier het nie. Verbintenis tot die doel moet van alle betrokkenes kom, ongeag grootte of sterkte.

- **Ervaring** – dit is belangrik dat daar 'n vlak van kundigheid binne die vennootskappe is. Dit is nie die plek waar een blinde 'n ander blinde lei nie. Kies vennootskappe wat visie, kennis of bemagtiging bydra.
- **Duidelike kommunikasie** – daar kan geen verwarring wees oor wat jy wil bereik nie. Almal moet hul verantwoordelikheid verstaan. Maak seker jy verstaan alles wat bespreek word. Dit is waar jy voordeel trek uit die bou van 'n netwerk van verbindings in die sektor. Dit is nie altyd 'n goeie idee om van slegs een persoon afhanklik te wees vir leiding nie.
- **Hou jou oog op die doelwit** – wees duidelik oor waar jy jouself en jou besigheid gaan neem. Vra jouself af wat jy wil bereik. Wanneer die doel bereik is, kan jy daardie vennootskap beëindig of op nuwe doelwitte fokus.
- **Diens** – suksesvolle vennootskappe is gebaseer op diens, nie selfsugtigheid nie. Nie net een persoon doen al die werk nie en een lid soek ook nie meer erkenning as die ander nie. Daar is geen verskuilde agenda nie.

Praat oor jou bekommernisse, praat oor jou vreugdes en deel jou hoop. Moenie toelaat dat jou netwerk jou vergeet nie. Wees daar en wees betroubaar. Wanneer 'n strategiese vennoot 'n gemaklike verhouding met jou het, sal hulle meer geneig wees om oplossings vir uitdagings te soek en ondersteunend te wees. Onthou: As jy vinnig wil gaan, gaan alleen maar...as jy ver wil gaan, gaan saam!

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.

Word ‘n PROFESSIONELE PLAASBESTUURDER

In die November Pula Imvula het ons die invloed van leierskap as ‘n belangrike bestuursfunksie van ‘n bestuurder van ‘n besigheid bespreek. In hierdie artikel sal daar gefokus word op sekere ander breë vaardighede wat ‘n bestuurder moet aanwend in sy/haar besigheid om suksesvol te wees.

Ons sal bestuur vanuit ‘n breër perspektief bekyk, omdat ‘n bestuurder meer doen as om net te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer. Die fokus in hierdie artikel is op sekere vaardighede en nie op bestuursfunksies nie.

Wanneer ‘n persoon ‘n besigheid begin soos ‘n boerderibesigheid, neem hy/sy die rol van Hoof Uitvoerende Beampte op en begin hy om die besigheid te bestuur deur die bestuurstake te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer. Terwyl hy aandag gee aan die bestuursfunksies, moet die Hoof Uitvoerende Beampte ook die bestuursfunksies van besluitneming, kommunikasie, motivering, koördinerings, delegering, dissiplinering en leiding hanteer.

“*Wat die vier bestuurstake betref, moet topbestuur die meeste van hul tyd bestee aan beplanning en beheer, middelbestuur aan organisering en beheer en eerstevlak bestuur aan implementering en beheer.*”

Wanneer die eienaar/bestuurder of die uitvoerende hoof op sy eie is, gee hy dalk nie aandag aan al hierdie bestuursfunksies nie. Indien die besigheid egter groei en werknemers aangestel

word, sal meer aandag aan hierdie funksies gegee moet word.

Namate meer en meer werknemers aangestel word, sal die Hoof Uitvoerende Beampte die behoefte erken om werknemers as bestuurders aan te stel en sodoende ‘n hiërargie van bestuurders te skep.

In breë trekke sal daar drie bestuursvlakke in ‘n onderneming wees. Soos ‘n besigheid uitbrei, sal die eerste vlak van bestuurders wat aangestel word, sogenaamde eerstevlak bestuurders wees. Hulle is die laagste vlak van bestuur en word dikwels toesighouers, voormanne, of spanleiers genoem. Hulle word aangestel om die daaglikse las van planne wat geïmplementeer word te verlig en menslike en ander hulpbronne te beheer om die besigheid doeltreffend te help funksioneer.

Uiteindelik kan die tweede vlak van bestuurders, soos die besigheid groei, aangewys word, sogenaamde middelbestuurders wat toesig hou oor een, of meer eerstevlak bestuurders. Hulle sal meer fokus op die organisering en beheer van hulpbronne. Middelbestuurders het titels soos hoof van ‘n departement, plaasbestuurder, fabrieksbestuurder, ensovoorts.

Sogenaamde topbestuurders kan dan uiteindelik aangestel word met titels soos Besturende Direkteur, of Afdelingsbestuurder. Topbestuurders word aangestel en is saam met die Hoof Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir die beplanning, identifisering en keuse van gepaste doelwitte en aksieplanne.

Afgesien van alle ander vaardighede wat vereis word, vereis alle werknemers op een van hierdie vlakke van bestuur drie addisionele en uitsonderlike vaardighede om suksesvol te wees as bestuurders, ongeag die vlak. Hierdie vaardighede is konseptuele vaardighede, menslike vaardighede en tegniese vaardighede.

Konseptuele vaardighede word sigbaar in die vermoë om ‘n situasie te analiseer, te diagnoseer en op te los sodat dit ‘n langtermyn positiewe uitwerking op die besigheid sal hê. Topbestuurders benodig die beste konseptuele vaardighede, aangesien hul primêre verantwoordelikhede is om te beplan en te organiseer. Saam met die Hoof Uitvoerende Beampte moet topbestuurders dink oor die toekoms van die besigheid – in watter rigting hulle die besigheid wil sien ontwikkel. Hulle moet dink oor die pad vorentoe vir die besigheid en daarvolgens beplan.

“*Dit is baie duidelik as gevolg van die toename in die bevolking en die gevolglike toename in die vraag na kos, asook veranderende voorkeure, Suid-Afrika professionele plaasbestuurders nodig sal hê om in die toenemende vraag te voorsien.*”

Menslike vaardighede sluit in die vermoë om die gedrag van ander individue en groepe te verstaan, te verander, te lei en te beheer. Dit sluit ook in die vermoë om te kommunikeer, koördineer, delegeer, mense te motiveer en dissipline in stand te hou. Menslike vaardighede word benodig deur alle vlakke van bestuurders.


Tegniese vaardighede is spesifieke werkskennis en tegnieke wat nodig is om ‘n organisatoriese, implementerende en beheerende rol daaglik op die korttermyn uit te voer. Voorbeelde sluit in spesifieke produksievaardighede, bemarkings- en rekeningkundige vaardighede, vaardighede wat meer deur eerstevlak bestuurders benodig word.

Tabel 1: Vaardighede benodig deur bestuurders.

Top bestuurders			
Middelvlak bestuurders	Konseptuele vaardighede	Menslike vaardighede	Tegniese vaardighede
Eerstevlak bestuurders			



Tabel 2: Tyd wat deur bestuurders aan die bestuurstake bestee moet word.



Alle bestuurders benodig hierdie drie vaardighede, maar die tyd wat hulle spandeer deur gebruik te maak van 'n spesifieke vaardigheid in hul werksomgewing wissel, soos aangedui in Tabel 1.

Wat die vier bestuurstake betref, moet topbestuur die meeste van hul tyd bestee aan beplanning en beheer, middelbestuur aan organisering en beheer en eerstevlak bestuur aan implementering en beheer (Tabel 2).

Indien, of wanneer jy op jou eie is, moet jy konseptuele, menslike en tegniese vaardighede op jou eie toepas om suksesvol te wees. Dit is

regtig 'n moeilike taak. Namate jou besigheid groei en jy meer mense in diens neem, sal dit verander omdat jy uiteindelik bestuurders sal aanstel om jou te help.

Tydens die ontleding van bestuur word dit duidelik dat die bestuurstake (beplan, organiseer, implementeer en beheer) en die bestuursfunksies aangeleer en ontwikkel kan word deur dit prakties te beoefen en toe te pas. Dit kan gedoen word op so 'n vlak dat dit 'n beroep word om te bestuur.

Waarom dan hierdie bespreking oor bestuur? Dit is baie duidelik as gevolg van die toename in

die bevolking en die gevolglike toename in die vraag na kos, asook veranderende voorkeure, Suid-Afrika professionele plaasbestuurders nodig sal hê om in die toenemende vraag te voorsien. Dit geld vir die vraag of jy alleen boer, 'n klein boer en of jy 'n mega boer is. Is jy dus op pad om 'n professionele plaasbestuurder te word?

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

Great things in business are never done by one person; they're done by a team of people.

~ Steve Jobs

Wintergewasse onder besproeiing – kies ‘n stelsel wat by jou pas

Spilpunt besproeiing is die belangrikste metode van besproeiing vir die produksie van gewasse en ander landbouprodukte in baie dele van Suid-Afrika. Hierdie groot verskeidenheid gewasse, insluitend wintergraangewasse, word aangetref in gebiede in die meeste van die belangrikste besproeiingskemas in Suid-Afrika.

Dit word gekenmerk deur water wat in die belangrikste damme gestoor word, tesame met die lewering van water wat deur kanaalstelsels beheer word aan elke aangrensende plaas. Die besproeide area in die Oranjerivervallei dek byvoorbeeld ongeveer 222 000 hektaar en gebruik 2,365 miljoen kubieke meter water per jaar.

Afloopwater wat in kleiner privaatdamme gestoor word en water uit riviere, maak die balans op en verskillende besproeiingsstelsels wat wissel van verskuifbare sprinkelbesproeiing pypstelsel, ondergrondse drupbesproeiing, sleeplyn stelsel, kantrilstelsel, asook die gebruik van kleiner spilpunte.

Gewasse onder besproeiing

Die verskillende gewasse onder besproeiing in bogenoemde skemas sluit in mielies, springmielies, koring, gars, droëbone, aartappels, sonneblom vir baster saad, sonneblom vir kommersiële grootmaatlewering, sojabone, grondbone, verskillende weidings, lusern, kool, tafeldruiwe, appels, ander vrugte, wyndruiwe, druiwe vir rosne, bladwisselende vrugte en ander.

Die netto boerdery inkomste uit mielies, koring, gars, droëbone en lusern is aan die onderkant van die spektrum in vergelyking met grondbone, kool, aartappels en druiwe. Die boer het dus baie opsies om van te kies om te besluit water gewasse hy met wintergraan wil roteer.

Gewasrotasies

Die bruto marges vir elke gewas in ‘n bepaalde beoogde rotasie moet vergelyk word om te sien of die insetkoste oor verskeie siklusse ekonomiese sin maak. In die Suid-Vrystaatse en Noord-Kaapse besproeiingskemas is ‘n deurlopende rotasie van mielies, ‘springmielies’ en koring of gars, soos beoefen in die Taung-gebied, vir baie seisoene gevolg. Die produksie van gars as ‘n winter kontantgewas word grootliks bepaal deur die beperkte hoeveelheid kontrakte wat gemaak word om aan bierbrouers in Suid-Afrika te lewer.

Die plantreste tussen elke oes, hetsy mielies of koring, is na oestyd gebrand, onmiddellik



Rotasie bone.



Rotasie nierbone.



gevolg deur bewerking, bespuiting vir onkruid en plant. Hierdie praktyk het daartoe gelei dat meer as 100 kg kalium per jaar uit die grond verwyder is.

Grondtoetse het getoon dat 'n verhoogde hoeveelheid kalium vir die volgende gewas nodig was om vir hierdie verlies met verloop



van tyd te vergoed. Verhoogde kalium, hoewel 'n baie duur komponent van kunsmis, het gelei tot die vermindering van die neiging van 'springmielies' om te breek of om te val voor oes. Die resultate het 'n toename van 1,5 t/ha tot 2 t/ha in mielieopbrengs gehad, gekoppel aan die korrekte hoeveelheid en tipe stikstof toegedien.

Mielieopbrengste van 14,5 t/ha en koringopbrengste van 8 t/ha tot 10 t/ha is in een produksiejaar vanaf dieselfde spilpunt gerealiseer.

Spilpunt besproeiingsboere het reeds meer as 20 jaar gelede minimum bewerking in verskillende rotasies bekendgestel. Sommige boere het pas onlangs opgehou om hul koringstoppels in die Oranjerivier area te brand. 'n Rotasie van sojabone en mielies is algemeen in KwaZulu-Natal, binne 'n goed bestuurde minimum bewerkingsomgewing. Die bestuur van die plantreste verskil afhangend van die klimaat en diepte en die kwaliteit van die bewerking en humus wat oor tyd plaasvind op goed bestuurde gronde.

Die opbou van plantreste in 'n sojaboon- en koringrotasie, of mielie- en koringrotasie kan werklik 'n probleem wees, omdat slegs die beste en sterker planters in die swaar stoppels wat nie afgebreek is nie, tussen ononderbroke gewasse binne 'n jaarlikse dubbel gewasrotasie kan funksioneer. Die bestuur van hierdie situasie het daartoe gelei dat boere terugkeer na die brandstelsel, wat op die lang termyn 'n onmiddellike effek kan hê, maar nie volhoubaar is nie.

'n Oplossing vir die oortollige stoppelp probleem is die baal van mielie-, koring- of garsreste tussen die rotasie van gewasse. Met die kort plant vensterperiode in 'n jaarlikse dubbel produksieprogram

moet daar genoeg baalkapasiteit wees om die werk betyds te doen. Op 'n 60 hektaar spilpunt impliseer dit die verwydering van 300 tot 480 ton koringstrooi of mieliereste per ha per jaar. Met verloop van tyd sal dit ook 'n groot verlies aan potensiële plantvoedingstowwe tot gevolg hê. Boere wat hierdie reste komposteer en dit op die spilpuntlande versprei, kan meer as 16,5 t/ha gemiddelde opbrengs vir mielies en 10 t/ha vir koringproduksie behaal.

Die meeste plase of boerderybedrywighede het meer as een spilpunt. Indien daar genoeg spilpunte in 'n rotasiesisteen is wat 'n braakseisoen in die winter of somer toelaat, kan dit tot voordeel wees van die bestaande produksiedruk op vrugbaarheid en die ontwikkeling van 'n verbeterde grondprofiel en bewerking. Dit gee ook bestuur die ruimte om beter beplanning vir verbeterde werkvloei te doen en verminder die vereiste vir 'n toenemende belegging in groot trekkers en implemente.

Ander oorwegings

Die beplanning wat benodig word vir wintergewasproduksie, moet ook rekening hou met die besproeiingskedulering wat benodig word vir elke gewas met behulp van SAPWAT of ander programme wat die boer help om die vereiste besproeiing per dag of siklus te beplan vir maksimum waterdoeltreffendheid wat verband hou met die verdampingstranspirasie koerse in jou produksie area.

Die beplanning moet ook die laagste koste verbruikspatroon in die dag- of nag Eskom tariewe insluit om elektrisiteitskoste te bespaar. 'n Behoorlike program om onkruid te beheer wat opbou, afhangende van die gewasse wat binne die rotasiestelsel geplant word, moet ook oorweeg en gebruik word.

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die beplanning van 'n roterende bewerkingsprogram onder 'n enkele spilpunt baie makliker is as die beplanning vir 'n boer wat vyf spilpunte of meer in 'n verskeidenheid mikroproduksie areas hanteer. In hierdie geval kan die insluiting van lusern en ander weidings, veral waar klein of groot vee oor die langtermyn in beplanningsiklusse geïntegreer word, van groot voordeel wees. Lusern of ander weiding as deel van die siklus sal help om grondvrugbaarheid en -struktuur te bou en die druk op bestuur verlig wat intensiewe voortplantingsiklus daarop plaas.

Daar is soveel moontlikhede beskikbaar. 'n Mens moet 'n stelsel kies wat pas by individuele plaasbestuurders en die spesiale produksiearea, klimaat en beskikbaarheid van markte vir kliënte, maatskappye of koöperasies wat die produkte wat jy beplan om naby jou te produseer, ondersteun en koop.



Die bruto marge vir elke gewas in 'n spesifieke beplande rotasie moet vergelyk word om te sien of die insetkoste oor 'n aantal siklusse ekonomiese sin maak.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

DIVERSIFIKASIE: Hoe om die immer veranderende balans te vind

Diversifikasie kan gedefinieer word as 'n veranderende strategie om meer produkte aan 'n bestaande boerderybedryf bekend te stel om die risiko van ekonomiese mislukking van een, of meer as een onderneming, te verminder.

Op 'n baie klein boerderyvlak van diversifisering, waar voedselsekureit die primêre oorweging is, kan dit beteken dat die boerdery 'n mengsel van voedselgewasse, kontantgewasse en verskillende soorte lewendehawe of pluimvee, gebruik. Die produksie sal 'n gesin met 'n wye keuse van voedingstowwe onderhou en genoeg van 'n balans skep van verskillende soorte koolhidrate en proteïene uit die verskillende, eie geproduseerde voedsel. Enige oortollige produkte kan verkoop word vir kontant en skep 'n intreevlak kommersiële boerderyonderneming.

In Afrika as 'n vasteland, is die grootste geleentheid vir diversifikasie in boerderygebiede met 500 mm tot 1 000 mm jaarlikse reënval, wat kan wissel van 17% tot 22% reënvalveranderlikheid.

Medium tot groot boere met bewysbare volhoubare finansiële sukses, sal in die toekoms verskillende uitdagings in die gesig staar. Diversifikasie sal op 'n baie groter skaal uitgevoer moet word om die produksie en finansiële risiko wat met bestaande en gevestigde ondernemings verband hou, moontlik te balanseer.

Hulpbron assessering

Diversifikasie moet nie ter wille daarvan opsigself gedoen word nie, maar begin deur 'n gedetailleerde evaluering van jou plase se hulpbronne en potensiaal vir die vervaardiging van ander produkte te doen. 'n Groot belegging in 'n nuwe onderneming kan die gevestigde besigheid in gevaar stel.

Besproeiing op hoë potensiaal gronde naby groot menslike nedersettings of stede, bied talle moontlikhede, wat wissel van suiwelprodukte, kaasproduksie, tuinbou, beesproduksie op weiding, verskillende gewasse en 'n byna oneindige aantal boerderyondernemings.

Gevestigde boere kan 'n verskeidenheid van vertakkings bepaal wat pas by hul plase se ligging en afstand van markte, grondvrugbaarheid en potensiaal binne langtermyn klimaattoestande. Indien daar reeds 'n mengsel van somer- en wintergewasse, vee en toegevoegde waarde ondernemings is, is die diversifikasieprogram waarskynlik volledig.

Baie plase wat hoofsaaklik op mielieproduksie met konvensionele bewerking gekonsentreer

het, het reeds gediversifiseer na wisselbou met sojabone, sonneblom, sorghum, aartappels, grondbone en koring of gars in die geskikte gebiede, deur gebruik te maak van bewaringsbewerking. Lande kan binne die sisteem braak gelaat word, deur die aanplant van dekgewasse en metodes wat verseker dat 'n gedeelte van die boerderygrond genoeg vog bevat sodat hierdie gedeeltes betyds of vroeg in droë siklusse geplant kan word. 'n Beesvleisfaktor gaan meestal hand aan hand op groot mielieplase.

Die heersende kommoditeitspryse van die verskillende gewasse sal bepaal watter gewasse ingelyf kan word.

Die verandering van produksiemetodes van dieselfde gewasse, is 'n vorm van diversifikasie om die risiko van enige gewas wat die besigheid permanent kan beskadig, te verlaag. Die baie droë jare het die afgelope tien jaar groot monokultuur mielieboere verwoes. In die Westelike produksiegebiede is boere geneig om terug te val op hoofsaaklik mielieproduksie deur gebruik te maak van bewaringsbewerkingsmetodes en voel dat hulle eerder daarop sal fokus om een gewas goed te doen. Verbeterde kultivars het ook die aanplant van mielies oor 'n langer ideale plantperiode toegelaat. Vanjaar het baie laatmielies in die Kroonstad boerderygebied op hoë potensiaal lande 7,8 ton per hektaar opgelewer. Dit is ook 'n vorm van diversifikasie binne 'n groterdeels mielie-monokultuurboerdery.

Die heersende kommoditeitspryse van die verskillende gewasse sal bepaal watter gewasse suksesvol in jou ideale wisselbouplan ingelyf kan word. Gewasrotasies word nou gesien as een van die belangrikste faktore vir finansiële oorlewing, asook die bou van grondvrugbaarheid, verspreiding van die gebruik van produksietoerusting en die voorsiening van 'n gebalanseerde chemiese onkruidbeheerprogram op verskillende gewasse.

Kommoditeitspryse swaai die septe

Mieliekontrakpryse op Safex vir Julie 2019 is sowat R2 640/ton vir beide wit of geelmielies. Hierdie en toekomstige pryse vir sonneblom teen R5 210 en sojabone teen R4 880 is slegs 10% meer as die kommoditeitspryse van tien jaar gelede.

Dit is duidelik dat slegs die hoogste potensiaal en bes bestuurde gronde 'n positiewe bruto marge en hopelik netto marge op omtrent al die gewasse vir die volgende paar seisoene sal lewer. Enige veranderinge om te diversifiseer moet versigtig bereken word deur die Safex prysneigings te gebruik. Boere wat groot finansiële beleggings in groot trekkers en masjinerie gedoen het, is waarskynlik die volgende paar jaar in hul huidige produksiepatrone vasgevang.



Verminder die risiko van ekonomiese mislukking deur te diversifiseer.

Toegevoegde waarde ondernemings

Mielies kan gebruik word om waarde toe te voeg deur speenkalwers, maerder volwasse beeste, skaap- of pluimveeondernemings soos lêhenne of braaikuikens, te voer, wat van die meer lewensvatbare opsies is. Om waarde aan mielies toe te voeg deur te diversifiseer in hierdie ondernemings, moet baie noukeurige ontledings gedoen word, aangesien die groot kapitaalkoste om op kommersiële skaal hierdie markte te betree, baie uitdagend kan wees. Die vaardighede wat nodig is om dit teen 'n wins te bestuur, moet ook oor baie jare verkry word.

Afsluiting

Oorweeg diversifikasie, maar wees baie versigtig met die besluit watter onderneming om in te belê.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.



OP DIE HORIZON VIR WINTERGRAAN...

Hierdie artikel gee 'n kort oorsig van hoe die 2018/2019 bemarkingsjaar lyk vir koring en gars, in terme van produksie, vraag en aanbod.

Plaaslike koringproduksie

Oor die jare het die area wat onder koring aangeplant is, afgeneem weens die dalende winsgewendheid. Ten spyte hiervan toon oesskattings dat die area wat onder koring

aangeplant is, van 491 600 ha in 2017/2018, tot 508 350 in 2018/2019 sal styg (**Grafiek 1**).

Die verwagte kommersiële koringproduksie is ongeveer 1,808 miljoen ton in die nuwe seisoen, met 'n opbrengs van 3,363 t/ha. Die verwagte produksie in die Wes-Kaap is 890 400 ton, dit is 'n toename van 51,7% van die vorige bemarkingsjaar, met 'n marginale afname in produksiearea van 326 000 ha tot 318 000 ha. Die Vrystaat toon 'n toename van 31% in hektare, van 80 000 ha

tot 105 000 ha, met 'n verwagte produksie van 367 500 ton.

Die totale **aanbod** van koring word geprojekteer teen 3 951 724 ton vir die 2018/2019 bemarkingsseisoen, insluitend die openingsvoorraadvlakke van 731 624 ton op 1 Oktober 2018, met plaaslike kommersiële lewerings van 1,81 miljoen ton, volkoring invoere geraam op 1,4 miljoen ton.

Die totale **vraag** na koring word geprojekteer om konstant te bly teen 3,3 miljoen ton, in ooreenstemming met die vorige seisoen. Dit sluit 3 180 miljoen ton in wat verwerk is vir menslike verbruik en 3 000 ton verwerk vir diereverbruik. 'n Geprojekteerde uitvoerhoeveelheid van 35 000 ton verwerkte produkte en 80 000 ton volkoring vir die nuwe seisoen.

Die geprojekteerde **sluitingsvoorraadvlak** op 30 September 2019 word geskat op 626 624 ton; met 'n gemiddelde verwerkte hoeveelheid van 265 250 ton per maand, verteenwoordig dit beskikbare voorraadvlakke vir 72 dae.

Plaaslike garsproduksie


In vergelyking met die vorige bemarkingsjaar word verwag dat die area wat geoes is van 91 380 ha in 2017/2018 tot 119 000 ha in 2018/2019 sal styg (**Grafiek 2**). Daar word ook verwag dat produksie aansienlik sal styg van 307 000 ton tot 390 840 ton in die nuwe seisoen, met 'n opbrengs van 3,28 t/ha.

Openingsvoorraad soos op 1 Oktober 2018 was 199 000 ton. Ons verwag op 1 Oktober 2019 sowat 19 000 ton minder. Invoere vir die 2018/2019 bemarkingsjaar sal na sowat nul daal, vergeleke met 13 000 ton die vorige seisoen.

Wat **vraag** betref, word die meerderheid moutgars in Suid-Afrika vir voedsel gebruik, met 'n klein hoeveelheid wat vir voer gebruik word. Gars vir voedselverbruik sal na verwagting in die 2018/2019 bemarkingsjaar styg, van 300 000 ton tot 333 000 ton en voergars van 7 000 ton tot 11 000 ton.


Garsuitvoere bly op nul, terwyl die uitvoer van garsprodukte van 18 000 tot 20 000 ton sal styg. **Eindvoorraad** word geskat om van 179 900 ton tot 128 200 ton op 30 September 2019 te daal, wat 86% hoër is as die deurvloei-vereistes, wat 42 dae dek.

Grafiek 1: Koringproduksie en area aangeplant in Suid-Afrika.



Bron: Graan SA (2018)

Grafiek 2: Garsproduksie en area aangeplant in Suid-Afrika.



Bron: Graan SA (2018)

Artikel verskaf deur Ikageng Maluleke, Junior Ekoonom, Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Ikageng@grainsa.co.za.

Hou die ONKRUIDVYAND in toom

Gewasboere het 'n vyand wat kop uitsteek gedurende die groeiseisoen. Hierdie vyand is onkruid. Ons het deur die jare twee primêre metodes gebruik om hierdie vyand te bestry, naamlik meganiese en chemiese beheer.

In hierdie artikel sal ons kyk na chemiese beheer en veral die gebruik van na-opkoms onkruidodders op ons gewasse.

Na-opkoms onkruidodders verwys na die gebruik van chemikalieë wat onkruid sal beheer nadat hulle uit die grond opgekom het. Op hierdie stadium sal hulle reeds sonlig absorbeer en hierdie geabsorbeerde energie oorskakel na vinnige vegetatiewe groei. Dit sal 'n negatiewe effek op ons gewasse hê, aangesien hierdie onkruid vir dieselfde voedingstowwe sal meeding, daarom is dit belangrik om hulle te brand deur middel van 'n chemiese spuitapparaat voordat hulle buite beheer raak.

Hoe vroeër jy spuit, hoe beter. Na-opkoms onkruidodders beheer onkruid deur kontak. Dit

beteken dat ons goeie kontak van die spuitdruppels op die blare van die onkruid wil hê. Met ander woorde, ons wil hê dat die chemikalieë op die onkruidblare moet vassit, sodat soveel as moontlik in die plant opgeneem kan word om dit te vernietig.

Neem in ag

Belangrike dinge wat in ag geneem moet word wanneer na-opkoms chemikalieë bespuit word, is as volg:

Wind

Dit is uiters belangrik om min of geen wind te hê op die dag wat jy spuit. Te veel wind sal 'n negatiewe effek hê op die kontak wat die chemiese middel met die onkruid sal maak. Dit is as gevolg van 'n newel wat sal plaasvind.

As chemiese newel plaasvind, kan jy ook 'n probleem hê, omdat skade aan omliggende landgewasse wat jy nie van plan was om te spuit nie, aangerig kan word. Onthou dat daar spesifieke na-opkoms onkruidodders is om op sekere gewasse te gebruik.

Vanuit 'n gesondheidsoogpunt is dit ook gevaarlik om in winderige toestande te spuit, aangesien meer chemikalieë deur die lug beweeg, wat as gevolg van inaseming 'n gesondheidsrisiko kan veroorsaak. Gebruik altyd die korrekte beskermende toerusting wanneer jy met chemikalieë werk, ongeag die windtoestande. Dit sluit in 'n gesigsmasker, handskoene en beskermende oogbeskerming.

Weer

Jy wil 'n skoon dag hê met geen reën nie wanneer jy na-opkoms chemikalieë spuit. Dit is belangrik om te onthou dat dit in teenstelling is met voor-opkoms onkruidodders wanneer dit help om reën te kry om die chemikalieë in die grond op te neem. Op 'n sonnige dag absorbeer die onkruid ook sonlig en voedingstowwe. Wanneer die chemikalieë dus in aanraking met die blare kom, word dit effektief geabsorbeer.

Waterverhouding en druppel grootte

Dit sal afhang van die tipe chemikalieë wat jy toedien. Dit is daarom baie belangrik om met



BEHEER

Onkruid is effektief beheer op hierdie land en is 'n teken van goeie bestuur.



NIE BEHEER

Onkruid wat nie beheer word nie, steel voedingstowwe van hierdie jong gewas.



jou chemiese verskaffer te konsulteer en om hul aanbeveling oor waterverhouding te vra. Oor die algemeen wil jy gewoonlik ongeveer 150 liter/ha water toedien met 'n fyn misspuit. Deur dit te doen, sal jy 'n klein druppelgrootte behaal, wat jou chemiese bedekking op die plant verhoog.

“Maak altyd seker dat jy jou chemiese verteenwoordiger raadpleeg om seker te maak dat jy die korrekte chemikalieë toedien om die gewenste resultaat te behaal.

Trekkerspoed

'n Mens wil altyd 'n konstante spoed hou. Wanneer jy jou kalibrasie van die spuitstof doen, moet jy jou berekeninge op 'n sekere spoed baseer, wat bepaal word deur die topografie van jou land. Probeer om nie hierdie spoed te verander nie, aangesien dit jou algehele toedieningshoeveelheid kan verander. 10 km/uur is 'n maklike spoed wat nie te vinnig, of te stadig is nie en dit help met makliker berekeninge.

Addisioneel

Dit is raadsaam om van 'n kleefmiddel gebruik te maak wanneer na-opkoms onkruidodders

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombathi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Smangaliso Zimbili

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebe
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mithatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONTLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST

Hou die onkruidvyand in toom



Jy wil 'n skoon dag met geen reën hê wanneer jy jou na-opkoms chemikalieë spuit.



Watterverhouding en druppel grootte moet aangepas word volgens jou chemiese verteenwoordiger se aanbevelings.



Dit is baie belangrik om min of geen wind te hê op die dag waarop jy spuit.

toegedien word. Dit is 'n byvoeging wat jy in jou chemiese mengsel kombineer. Hierdie byvoeging help die chemiese middel om aan die blare van die onkruid 'vas te hou' om 'n beter resultaat te behaal. 'n Mens moet ook 'n chemiese verteenwoordiger raadpleeg om die beste kleefmiddel opsie te vind wat die chemikalieë wat jy toedien, sal komplimenteer. Hierdie kleefmiddel sal ook help om die chemikalieë meer veerkragtig op die blare te hê, selfs al val daar 'n bietjie reën na bespuiting.

Watter chemikalieë om te gebruik

Soos voorheen kortliks genoem is, moet jy altyd die korrekte chemikalieë op die regte gewas gebruik. Sekere chemikalieë werk nie op sekere gewasse nie en kan in sommige gevalle jou hele oes uitwis. Maak altyd seker dat jy jou chemiese verteenwoordiger raadpleeg om seker te maak dat jy die korrekte chemikalieë toedien om die gewenste resultaat te behaal.

Samevatting

Onkruid kan baie vinnig groei en kan 'n nadelige uitwerking hê op jou potensiële opbrengste indien dit onbeheers gelaat word. Maak altyd seker dat jy roetine kontroles dwarsdeur die seisoen doen om seker te maak dat jy die vyand in toom hou. ☔

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.